higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4

(5050094)

1 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

138Q1N2001

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 SAKO is die belanghebbende liggaam wat kwalifikasies en eenheidstandaarde op die NKR registreer.

1.2 Die NKR plaas leer in drie bande wat saam uit 6 kwalifikasievlakke bestaan.

1.3 Konseptuele vordering is die vinnige beweging van een punt of idee na die volgende.

1.4 Ná Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994, het geen veranderings in die onderwysstelsel plaasgevind nie.

1.5 Die klustervorming is die beste vir leerder-interaksie, aangesien dit elke groep leerders toelaat om saam te werk.

1.6 Vir onderwysers om diverse kontekste te akkommodeer, moet hulle leerervarings wat op hierdie verskille reageer, beplan en implementeer.

1.7 LoLT is die taal waarmee leerders met hulle portuur kommunikeer.

1.8 Algemene Onderwys en Opleiding sluit Graad R tot Graad 9 in.

1.9 ’n Kurrikulum sluit die onderwerpe in wat deur ’n kursus gedek moet word.

1.10 Waar groepe leerders heterogeen is, werk hulle saam en leer om die waarde van diversiteit in die klaskamer te waardeer.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B was pas by ’n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Outoritêre bestuursbenadering	A	onderwysers pas hulle onderrigstyl aan om by die situasie en die taak voor hande te pas
2.2	Demokratiese benadering	B	onderwysers is gewoonlik ongeorganiseer en kan nie spertye haal nie
2.3	Laissez-faire benadering	C	onderwysers wil in beheer wees en al die besluite neem
2.4	Humanistiese benadering	D	onderwysers laat leerders baie vryheid toe
2.5	Kombinasie van style	E	’n aksie wat teen die reëls is
2.6	Verkleurmannetjie-benadering	F	onderwysers stel insette en deelname van leerders of spanlede op prys
2.7	Krisisbenadering	G	leerders raak verward omdat hulle nie weet wat om van een leerervaring na die volgende te verwag nie
2.8	Misdryf	H	swak of onaanvaarbare optrede
2.9	Oortreding	I	elke spanlid word waardeer, en moontlikhede word herken
2.10	Emosieloos	J	kalm en toon nie emosies nie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies EEN term uit die lys hieronder wat pas by elk van die volgende beskrywings en skryf die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

prestasie; waarnemingsbladsye; summatiewe assessering; diagnostiese assessering; formatiewe assessering; formele assessering; kontrolelyste; informele assessering; basislynassessering; navorsingsprojekte; portefeuljes

3.1 Hierdie assessering word gebruik om vas te stel wat die leerder reeds weet.

3.2 Hierdie tipe assessering word gedurende die proses van leer gedoen om inligting oor die leerder se vordering te verskaf.

3.3 Hierdie assessering word gedoen om ’n algehele idee van die leerder se vordering op ’n spesifieke tydstip aan die einde van die leersiklus te verskaf.

3.4 Hierdie soort assessering word gebruik om vas te stel wat die oorsaak van probleme is wat ’n spesifieke leerder ervaar.

3.5 Dit sluit die demonstrasie van vaardighede, kennis en begrip en die vermoë in om dit na nuwe situasies oor te dra.

3.6 Dit is nuttig wanneer ’n onderwyser uitkyk vir spesifieke kennis of vaardighede terwyl leerders by take betrokke is.

3.7 Dit lê take uit wat volgens die tyd van die dag of ander faktore gedoen moet word sodat leerders ’n taak suksesvol voltooi.

3.8 Hierdie assessering word daagliks gedoen.

3.9 Hierdie soort assessering is ’n verlengde stuk werk wat navraag-gebaseerde aktiwiteite behels.

3.10 Insameling van bewyse wat ’n stelselmatige manier van evaluasie verskaf om te evalueer hoe goed die leerders vorder.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies die korrekte term uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK.

4.1 (Proaktiewe/Reaktiewe) maatreëls is positief en word geïmplementeer om wangedrag te voorkom.

4.2 Wanneer iets (gewysig/waardeer) word, word sy waarde geassesseer.

4.3 (Eerlikheid/Strategie) beteken om eerlik met jouself te wees.

4.4 ’n (Sikliese/Reaksie-) proses is ’n eenmalige gebeurtenis.

4.5 ’n Onderwyser besin oor sy/haar vermoëns deur ’n (register/joernaal) by te hou.

4.6 ’n Mens moet bereid wees om die manier waarop jy dinge doen of daaroor dink te verander deur dit te (ondersoek/ignoreer).

4.7 Onderwys word (beheer/beperk) deur beleide, prosedures en stelsels.

4.8 NEPA, No. 27 van 1996, is opgestel om voorsiening te maak vir die vasstelling van ’n (provinsiale/nasionale) beleid vir onderwys.

4.9 (Klaskamer-/Fisiese) bestuur handel oor die skepping van ’n goeie leeromgewing wat leerders van diverse agtergronde ondersteun.

4.10 Leerders wat deelneem en (op en wakker/onoplettend) is, leer en fokus beter.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE assesseringsbeginsels. (7 × 1) (7)

5.2 Onderskei tussen *gevallestudies* en *simulasies*. (2 × 2) (4)

5.3 Verduidelik hoe ondersteunende klaskamersituasies belangrik vir leerders met die volgende behoeftes kan wees:

5.3.1 Geestesgestremdheid

5.3.2 Leergestremdheid

5.3.3 Gedragsgestremdheid

5.3.4 Kommunikasieversteuring

5.3.5 Gehoorgebrek

(5 × 2) (10)

5.4 Onderskei tussen die volgende terme en gee TWEE voorbeelde van elkeen.

5.4.1 Leerkonteks

5.4.2 Leerinhoud

(2 × 4) (8)

5.5 Bespreek DRIE riglyne wanneer nie-verbale ingryping as ’n reaksie op ontwrigtende gedrag gebruik word. (3 × 2) (6)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Skets en beskryf kortliks ’n rubriek as ’n hulpmiddel om assessering aan te teken. (6 × 1) (6)

6.2 Vul die volgende tabel in deur die ontbrekende woorde langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.3) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

	TIPE ASSESSERING	VOORBEELD VAN KONTEKS WAARVOOR DIT GESKIK IS
Bv.	*Verslae*	*Senior fase*
	Speletjies	6.2.1
	Rolspel	6.2.2
	Navorsing	6.2.3

(3)

6.3 Noem DRIE vrae wat onderwysers hulleself moet afvra wanneer hulle ’n assesseringstrategie ontwikkel. (3 × 2) (6)

6.4 Gee VYF redes waarom terugvoer belangrik is nadat assessering gedoen is. (5 × 2) (10)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die betekenis van die volgende terme:

7.1.1 Eksterne moderering

7.1.2 Interne moderering

7.1.3 Moderator

(3 × 2) (6)

7.2 Noem DRIE implikasies van moderering vir leerders. (3 × 2) (6)

7.3 Verduidelik die verskil tussen die volgende:

7.3.1 Om iets te ontleed

7.3.2 Om iets toe te pas

(2 × 2) (4)

7.4 Noem en verduidelik kortliks die DRIE stappe in die nadenkende onderrigproses.

(3 × 2) (6)

7.5 Noem DRIE waardes van nadenkende onderrig. (3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 8

8.1 Lesplanne is noodsaaklik om vir ’n dag se onderrig voor te berei.

Noem en bespreek kortliks die belangrike inligting wat by ’n lesplan ingesluit moet word. (6 × 2) (12)

8.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae.



Thabo Moloi het onlangs as Lewenswetenskaponderwyser gekwalifiseer. Hy is passievol oor die vak en oor onderrig. Dinge het egter verkeerd geloop toe hy ’n Graad 3 klas moes onderrig wat bekend is vir hulle swak gedrag. Hy het ure gespandeer om ekstra hulpbronne te kry, insluitend ’n DVD. Die leerders het steeds geen belangstelling in die vak getoon nie.

8.2.1 Hoe kan Thabo hierdie uitdaging te bowe kom? (2 × 2) (4)

8.2.2 Noem DRIE vaardighede wat hy nodig het om ’n impak te maak.

(3 × 1) (3)

8.2.3 Noem DRIE voordele van voorstelling/kaarte as ’n nuttige hulpbron vir Thabo. (3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 9

9.1	Noem en verduidelik VYF intrinsieke hindernisse tot leer.	(5 × 2)	(10)
9.2	Onderskei tussen *leerstyle, vermoëns* en *tempo*.	(3 × 2)	(6)
9.3	Hoe sal ’n onderwyser hindernisse in leer identifiseer?	(3 × 2)	(6)
9.4	Beskryf die term *tas-kinestetiese leer.*	(3 × 1)	(3)
			[25]

VRAAG 10

10.1	Noem NEGE fundamentele waardes van die grondwet.	(9 × 1)	(9)
10.2	Bespreek kortliks VYF maniere waarop ’n onderwyser mondelinge kommunikasie doeltreffend kan gebruik as leerders op ’n ongepaste manier optree.	(5 × 2)	(10)
10.3	Verduidelik hoe ’n leerder die self-regstellingsbenadering kan volg om sy/haar gedrag in die klas te verander.	(3 × 2)	(6)
			[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou